

Woorde wat lewe

'n Huldeblyk aan Elize Botha (19 November 1930 – 16 November 2007)¹

Oor die jare heen het ek by meer as een geleentheid in formele trant oor Elize Botha geskryf. Daar was onder andere die inleiding tot 'n huldigingsbundel vir haar sestigste verjaarsdag,² later 'n motivering vir haar aanstelling as buitengewone professor aan die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap ook aan Unisa,³ en meer onlangs 'n bydrae tot die geleentheidsbundel wat Naspers by haar uittrede uit hulle Direksie uitgereik het.⁴ Daardie skryfwerk het altyd maklik verloop omdat ek – ons persoonlike vriendskap daar gelaat – soveel dimensies van haar akademiese bedrywighede beleef het. Sy was die dosent vir Middelnerlands aan die Universiteit van Pretoria vanaf my tweede jaar; ek was haar eerste doktorsale student en het onder haar leiding in die Nederlandse moderne prosa gepromoveer, en vanaf 1983 tot 1995 was ons kollegas in die Letterkunde-afdeling van die Departement Afrikaans aan Unisa. Toe sy vir drie jaar by ons 'n baie aktiewe *professor extraordinarius* was, was ek die Hoof van die Departement. Nogtans het daardie jarelange kollegialiteit my nie voorberei op hoe moeilik dit sou word om die huldeblyk aan te pak wat ek nou versoek is om te skryf nie. Dat Elize Botha nie meer met ons is nie, is deur die siekbed en begrafnis in November 2007 meedoënloos aan haar geliefdes en vriende duidelik gemaak. Dat Elize Botha die akademikus, die leser en skrywer, die woordmens stil geword het, is 'n leemte wat kollegas telkens opnuut ervaar.

Botha se akademiese betrokkenheid kan met die omskrywing “Renaissance-mens” in sy klassieke betekenis gekarakteriseer word. Tussen taalgebiede, genres en selfs dissiplines het sy selde grense erken. Die fokuspunt van haar onderrig en navorsing het primêr op die Afrikaanse prosa geval, en in 'n groot mate was sy die voorloper en verteenwoordiger van die aksent wat sedert die sestigterjare so duidelik op die prosa en die prosakritiek geplaas is. Maar in haar lees en skryf en interpretasies het sy die vir haar organiese verband tussen genres, tussen teorie en praktyk en tussen die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes weer en weer gedemonstreer.

Reeds haar eie doktorsale proefskrif, behaal aan die Universiteit van Amsterdam onder leiding van N.P. van Wyk Louw, waarin 'n literêr-teoretiese aspek van die Afrikaanse poësie ondersoek

¹ Uiteraard is hierdie bydrae geskryf vanuit 'n sterk persoonlike perspektief en met die aksent op Botha as akademikus, en spesifiek verbonde aan Unisa. Haar *curriculum vitae* lys egter die talle eervolle posisies en funksies, die vermeldings en toekennings wat haar nasionaal en internasionaal toegeval het. My dank aan Hannelie Marx wat hierdie CV gekompileer, bygehou en aan my beskikbaar gestel het. 'n Seleksie uit die volledige dokument verskyn aan die einde van die opstel.

² Roos, Henriette (samesteller). 1990. *Lewe met woorde. Opstelle oor die prosa. Byeengebring by geleentheid van die sestigste verjaardag van Elize Botha, 19 November 1990*. Kaapstad: Tafelberg.

³ Prof Botha, toe reeds emeritus professor by Unisa, is aangestel as *professor extraordinarius* in die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap by dieselfde universiteit vanaf Januarie 2004 tot Desember 2006.

⁴ Du Plooy, Heilna (samesteller). 2005. *Aan 'n toegewyde leser. Liber Amicorum Elize Botha by geleentheid van haar uittrede as direkteur van Naspers 26 Augustus 2005*. Kaapstad: NB-Uitgewers Bpk.

word, illustreer hierdie multi-dissiplinêre aanpak wat so karakteriserend van haar akademiese werk was.⁵ By die aanvaarding van die professoraat aan Unisa het sy in haar intreerede, *Die dosent as leser*,⁶ daardie inklusiewe literêre perspektief nog verder verruim toe sy oor die taak van die dosent binne hierdie verhouding besin het. Die dosent, so het sy dit met verwysing na Besselaar gestel, moet die jong leser vertrou maak met die rol en betekenis van die “lang wortels” van historiese, kulturele en teoretiese kontekste van die teks. Maar Elize Botha was in die eerste plek ook ’n denkende, self-ondersoekende leermeester. In die slotwoorde van die intreerede stel Botha ’n kernvraag aan die dosent as/en leser. Sy verwys na die opmerkings van C.S. Lewis oor die “tirannie van die tyd” wat hom by die lees van en pogings tot interpretasie van die Psalms opgeval het, en na die antwoord wat in Lukas 10 gegee word op die vraag omtrent hoe die ewige lewe bereik kan word, naamlik: “Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?”. Hiermee verwoord sy, na my mening, die problematiek wat haar deur haar loopbaan heen besig gehou het, en dit is hoe die afstand tussen leser en teks oorbrug kan word. Maar so openbaar sy ook die daarby aansluitende credo waarvolgens sy haar hele akademiese loopbaan gerig het: “Met hierdie verwonding deur die tyd, hierdie “lijden aan den tijd” van die mens en sy maaksels, moet die dosent in die letterkunde steeds te rade gaan, deur ook op sy manier die opperbelangrike vraag in sy hart te bewaar: “Hoe lees jy?” (Botha 1983:16). En in talle radiopraatjies, tydskrifartikels, openbare redes en wetenskaplike lesings het sy ’n halwe eeu lank hierdie vraag aan uiteenlopende gehore gestel.⁷

Die impak van Elize Botha as dosent en mentor is deur Emma Huismans in die aangrypende kortverhaal “Geachte Professor – een verhaal met drie voetnoten”⁸ fiksioneel beskryf. Op unieke wyse word die “achting en liefde” verwoord wat die baie meer as net een jaar se “veertienhonderd studenten in een enorm lokaal zonder ramen; aggressief, vernederd, ontgroend en na een week al zonder enige verwachting” teenoor hierdie dosent ontwikkel het (Huismans 1994:116). Dié dosent wat deur haar stem met “(d)ie diepe, donkere tonen van een vijfsnarige cello uit Cremona” (Huismans 1994:117) lesings oor Afrikaanse Taalgeskiedenis, Middeleeuse gedigte en Van Bruggen ewe betowerend kon aanbied. ’n Minder literêr-geosofistikeerde, maar beslis nie minder hartgrondelike bewondering is uitgespreek deur ’n voornemende Honneursstudent by Unisa, mnr Lekalakala. In antwoord op die vraag na sy keuses van Honneursvraestelle, het hy geantwoord dat die besonderhede nie regtig saakmaak nie solank dit aangebied word deur daardie dosent “met die baie mooi handskrif waarmee sy sulke mooi dinge onder aan my werkopdragte skryf”. As promotor vir haar nagraadse studente het Elize Botha op ’n besondere wyse akademiese leiding gebied en as mentor opgetree. In die loop van 20 jaar het sy by die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika 9 doktorsgrade en 14 meestersgrade suksesvol begelei. Die breë spektrum van haar belangstellingsveld word in die titels van die proefskrifte en verhandelings gereflekteer, en met soveel van daardie eertydse studente wat aan universiteite landswyd verbonde is/was, het haar invloed die tradisie van noukeurige lees en ’n inklusiewe verwysingsveld gevestig.⁹

⁵ Lindes, Elizabeth. 1955. *Veelheid en binding – ’n bydrae tot die ondersoek van die eenheidsprobleem in die literatuurwetenskap*. Amsterdam: NV Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij

⁶ Botha, Elize. 1983. *Die dosent as leser. Intreerede met die aanvaarding van die amp as hoogleraar in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika op 29 Maart 1983*. Pretoria: Miscellanea 43, UNISA.

⁷ Die eerste van haar vakpublikasies verskyn in 1958: Einde van ’n tradisie: Drie Nederlandse digbundels in Suid-Afrika, 1908 – 1911. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, April 1958, bl. 29-42. Die laaste in 2007: “Literatuur en moraliteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 47(2):117-120, Junie.

⁸ Huismans, Emma. 1994. *Sonate voor wraak*. Amsterdam: Nijgh en Van Ditmar.

⁹ Enkele van daardie proefskrifte wat oor ’n tydperk van 20 jaar begelei is, is: Roos, H. M. (Henriette). 1975. “Ik en zelf”. ’n Ondersoek na die ek-verteller in die werk van W.F. Hermans. D. Litt proefskrif voltooi aan die Universiteit van Pretoria.

Dit is egter die Afrikaanse prosa, en veral die ouer romankuns, waarmee Botha so hartstogtelik en so oortuigend omgegaan het en wat haar as uitnemende letterkundige bekend gemaak het. Die “Prosakronieke” wat vanaf 1971 tot 2001 in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het, het nuwe skrywers en boeke aan ’n breë akademiese lesergroep deur verhelderende beskrywing en singewende interpretasie bekendgestel. Van hierdie kronieke is later gebundel in *Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle* (Tafelberg, 1981) en *Prosakroniek* (Tafelberg 1987). Haar bydraes in *Handleiding by die studie van die letterkunde* (1965), in *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* (1980) en die talle opstelle wat in versamelwerke en huldigingsbundels opgeneem is, het haar kenmerkende openbarende lees, haar vermoë tot sintese en haar soeke na samehang gedemonstreer. Haar beskouings oor van die vroegste Afrikaanse romansiers, oor M.E.R en ander essayiste, oor die Sestigters en veral haar werk oor Etienne Leroux het vir die student van die Afrikaanse letterkunde standaardlesings geword. Dit is opmerklik hoe haar herlees van die oueres – en ek dink spesifiek aan Van Bruggen, Malherbe en Leipoldt – insigte en idees omtrent die plaasroman en die romantiek en die dinamiek van literêre tradisies opgelewer het wat deur jonger en latere navorsers in artikels en proefskrifte verder gevoer is.

As die redakteur van twee van die bekendste Afrikaanse akademiese tydskrifte, die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (vanaf 1971-1976) en veral die *Tydskrif vir Letterkunde* (vanaf 1973-1992) het sy ’n besondere invloed uitgeoefen. Elders¹⁰ het Piet Roodt en Henning Pieterse haar rol by die ontwikkeling van nuwe skrywers, die werwing van borgskappe en die uitpluis van literêre “kwessies” reeds beskryf.¹¹ Deur laasgenoemde tydskrif, soos ook vir dekades lank deur haar persoonlike en direkte betrokkenheid by boekeklubs en leserkringe landswyd, het sy die Afrikaanse boek op ’n toeganklike, inspirerende wyse aan ’n algemene publiek bekend gestel. Toe die Afrikaanse Letterkundevereniging in 1984 gestig is, het sy deur die voorsitterskap daarvan vir ’n breë akademiese gehoor die gesig van die Afrikaanse literator geword, ’n posisie wat sy natuurlik toe reeds met groot gesag as Voorsitter van die Letterkundekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en later as Voorsitter van die Raad van die Akademie sou beklee. Sy was waarskynlik die laaste van ’n generasie literatore wat, vóór ’n postmoderne era, met ’n byna vanselfsprekende gesag en statuur opgetree het; soos ook haar mentor Van Wyk Louw, en vriende en kollegas Grové, Opperman, Stoffel Nienaber, Merwe Scholtz en T.T. Cloete. Ek dink nie dit kan ontken word dat sy in baie opsigte aanvaar is as ’n verteenwoordiger van ’n bepaalde status quo, van ’n sosio-kulturele establishment nie, maar dat juis in die bevraagtekening van daardie konteks telkens die waardering vir haar persoonlike integriteit openbaar is.¹² Op haar beurt weer het sy binne haar vakgebied telkens teruggekeer na die uitsprake van wie sy beskryf het as tradisionele, “respekvolle” literatore: Wolfgang Kayser, George Steiner, Martinus Nijhoff, selfs die veel ouer

Harley, L. J. 1986. Outobiografie, outobiografiese roman en roman-as-outobiografie: ’n generies-tipologiese ondersoek. D.Litt et Phil proefskrif voltooi aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Van der Merwe, W.P. (Peet). 1993. Tekstuele verbande in die oeuvre van J.C.Steyn. D.Litt et Phil proefskrif voltooi aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Van Zyl, D. P. (Dorothea) 1996. *Salomo syn oue goudfelde*: op die spoor van die retorika in die Afrikaanse romankuns. D.Litt et Phil proefskrif voltooi aan die Universiteit van Suid-Afrika.

¹⁰ H.J. Pieterse “Aan huis by prof. Elize”, bl.72-74; P. H. Roodt “Brief”, bl.75-77 in Du Plooy 2005.

¹¹ Sien Joan Hambidge se gedig “Ballade van die getroue digters” in Du Plooy, 2005, bl. 61-62.

¹² In die huldigingsbundel aangebied by haar sestigste verjaarsdag, is bydraes opgeneem ook van skrywers en literatore wat deur ’n kritikus onder andere beskryf is as nie vriende van Elize Botha nie. De Vries se mening dat “die akademici Gerrit Olivier en Ampie Coetzee (kan) die akademikus Elize Botha vereer ondanks diepliggende verskille” bevestig hierdie waardering vir Botha as individu. (Abraham H.de Vries.1992. Gesprek oor huldigingsbundels het nog nie begin nie. *Journal of Literary Studies/Tydskrif vir literatuurwetenskap* 8(1/2):119, Junie.)

E.M. Foster. Hierdie aanklank by die Europese tradisie is veral in haar vroegste resensies gedemonstreer: beskouings oor *Dr Zhivago*, die romans van Jane Austen, opvoerings van Molière-stukke, oor klassieke tekste vertaal in Afrikaans.

Saterdagmiddagetes by haar huis in Amosstraat, Pretoria het op 'n besondere wyse haar persoonlike en akademiese lewe verbind. Haar familie en vriende het sy dikwels hier gedeel met nie net soveel (Suid-) Afrikaanse woordmense nie, maar ook, en veral in die tagtigerjare toe die kontak met buitelandse akademici skaars en selfs verdag was, met enkele dappere Nederlandstalige besoekers. W.F. Hermans, Gerard Reve, Marcel Janssens, later Ton Anbeek en August Sötemann het almal deur haar gasvryheid die geleentheid gehad om kollegas van Suid-Afrikaanse universiteite te ontmoet. Haar blywende vriendskappe met eertydse Amsterdamse studentemaats soos Truida Lijphart-Bezuidenhout en Frieda Balk Smit-Duysentkunst het die toe wisselvallige kontak met Nederlandse akademici ook vir haar studente en kollegas in 'n mate vergemaklik.

Die herbesoek aan persoonlike ervarings het in die laaste lesings wat sy as deel van haar verpligtinge as buitengewone professor by Unisa gelewer het al duideliker opgeval. In haar verslag van 'n lesing van die poësie van Martinus Nijhoff het sy haar aantekeninge as student aan die Universiteit van Amsterdam weer gebruik as vertrekpunt. Tydens die besonder suksesvolle Van Wyk Louw-lesing van Augustus 2006, is 'n opname voorgespeel van sy *commendatio* as promotor by haar gradeplegtigheid in 1955. Ek sou graag sien dat hierdie referate, sterk persoonlik gekleurd terwyl ook besinnende, intellektuele verkenninge van literêr-kulturele hoogtepunte, tog nog gepubliseer word.

Op 30 Augustus 2007 het ek die middag by haar gaan kuier en vertel van 'n vakkongres wat kort tevore in Brasilië plaasgevind het. Sy het uitgevra en kommentaar gelewer, intens geïnteresseerd in die temas en tekste wat daar ter sprake was. Die middag was winterskoud en sy het 'n ongemaklike hoesie en 'n hees stem aan die gure weer toegeskryf. My vraag of haar besoek aan die Kaap wat 'n paar dae later moes plaasvind nie uitputtend sou wees nie, het sy met 'n breë glimlag beantwoord: "Nee my ding, dit gaan my juis baie goed doen". Om by Bloemhof met die meisies oor lees en boeke te gaan praat, was vir haar 'n meer terapeutiese vooruitsig as enige spa of kuur.

Dit is merkwaardig dat haar laaste gepubliseerde navorsingsartikel die titel "Literatuur en moraliteit" dra.¹³ Met die stelling dat die leser op 'n etiese wyse, dus met respek, die letterkunde as "gawe" moet interpreteer, keer sy weer terug na die slotsinne van haar intreerede van 'n kwarteeu eerder en gee sy 'n direkte antwoord op haar destydse vraag "hoe lees jy?". Die lang gesprek waarbinne haar loopbaan ontwikkel het – omtrent dit wat sy gelees het, hoe sy daarvoor gepraat het, wat sy daarvoor geskryf het – het Elize Botha met haar kollegas en studente, met elkeen wat graag lees en met alle boekmense verbind en verenig. Die gemis wat nou bestaan, word tog getemper deur die wete dat daardie woorde sal bly lewe.

Henriette Roos
Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap
Unisa

¹³ Botha, Elize. 2007. Literatuur en moraliteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 47(2):117-120, Junie.

BYLAE:

Seleksie uit die *curriculum vitae* van Elize Botha

1. LIDMAATSKAP, RADE, KOMMISSIES, EN AMPTE BEKLEE

1963: Lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (fakulteitslid sedert 1960)
 1983 – 2001: Voorsitter van die Letterkundekommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns
 1987 – 1991: Voorsitter van die Fakulteitsraad Geesteswetenskappe van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns
 1989 – 1991: Voorsitter van die Raad van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns
 1973 – 1992: Hoofbestuurslid van die Afrikaanse Skrywerskring
 1973 – 1992: Redakteur van die *Tydskrif vir Letterkunde*
 1971 – 1976: Redakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*
 1979 – 1982: Hoofbestuurslid van die S.A. Vereniging vir Literatuurwetenskap
 1984 – 1991: Voorsitter van die Afrikaanse Letterkundevereniging
 1991 – : Erepresident van die Afrikaanse Letterkundevereniging
 1983 – 1985: Lid van die Adviesraad van die SAUK vir Radio en Televisie
 1986: Lid van die beoordelaarspaneel vir die eerste *Rapport*-prys vir Letterkunde
 1989 – 1992: Spesialis-direkteur, Stigting vir die Skeppende Kunste
 1988 – : Direkteur: Nasionale Pers (later NASPERS)
 1990 – 1993: Lid van die Raad van die SAUK
 1990 – 1992: Lid van die Raad van TRUK
 1991 – 1999: Lid van die Raad van Trustees van die Stigting van Afrikaans
 1992 – 1999: Voorsitter van die Raad van die Staatsbiblioteek
 1993 – 1998: Lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch
 September – Oktober 1993: Voorsitter van die Kommissie i.s. Nasionale Simbole, Veelparty-Onderhandelingsproses, World Trade Centre, Kempton Park.
 Maart/Mei 1994: Lid van die Nasionale Inhuldigingskomitee by die inhuldiging van pres. Nelson Mandela.

 November 1994 – Mei 1995: Lid van Taakgroep Kuns en Kultuur van die Ministerie van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie
 1997 – 2000: Lid van die National Arts Council
 1995 – : Direkteur: Nasionale Boekhandel (later Via Afrika)
 1998 – : Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch
 2000 – : Beheerraad: UNISA Musiekstigting
 2002: Lid van die Adviesraad vir Nasionale Ordes

2. EERVOLLE VERMELDINGS EN TOEKENNINGS

1953 – 1955: Houer van die Porter Stipendium, US
 1977: International Authors and Writers Who's Who
 1978: The World Who's Who of Women in Education
 1982: Who's Who of South African Women
 1982: Gustav Preller-medalje van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns vir

Literatuurwetenskap en Letterkundige kritiek

1983: Erelidmaatskap van die Afrikaanse Skrywerskring

1985: Medalje van die Eugene N. Marais-tak vir Geneeskunde van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

1986: Pretorianer van die Jaar

1988: Deur die internasionale “Business and Professional Women’s Club” aangewys as een van 40 vooraanstaande Pretoriase beroeps vroue.

1989: Orde vir Voortreflike Diens (Silwer) van die Staatspresident van die Rep. van S.A.

1989: Raadstoekenning vir Buitengewone Akademiese Meriete (UNISA)

1990: Festschrift: Henriette Roos (samesteller), *Lewe met woorde; opstelle oor die prosa byeengebring by die geleentheid van die sestigste verjaarsdag van Elize Botha, 19 November 1990*

1991: Erepresident van die Afrikaanse Letterkondevereniging

1992: Erepennig van die Junior Rapportryers van Suid-Afrika vir buitengewone diens aan die Afrikanersaak op letterkundige-, akademiese-, en kultuurterrein

1993: FAK-Prestigeprys vir Taalbevordering

1994: Oorkonde vir toegewyde arbeid in belang van kultuurbevordering in die Republiek van Suid-Afrika toegeken deur die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad.

1995: D.Litt (honoris causa), Universiteit van Pretoria

1995: N.P. van Wyk Louw-medalje van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns

1995: Johan Flerackers-prys van die Vlaamse Ministerie van Kultuur

1995: D.Litt (honoris causa), Universiteit van Stellenbosch

1996: Erepennig vir Voortreflike Diens, UNISA

1998: Erekleure van die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch

2000: Rapport City Press Prestige 2000 toekenning

2000: Women marching into the 21st century

2001: ATKV – Prestige toekenning

2001: Erepennig: Hoërskool Monument, Krugersdorp

2002: Laureaat 2002 (Toekenning van Tuks Alumni)

2003: Erepennig vir Voortreflike diens van die Klub van Oud-Studenteraadsvoorsitters van die Universiteit van Stellenbosch

2004: Who’s Who of Southern Africa

2004: Erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

2004: Professor Extraordinarius in die Departement Afrikaans en Literatuurteorie, UNISA.

2005. *Liber Amicorum Elize Botha*. Heilna du Plooy (samesteller). Aan ’n toegewyde leser. By geleentheid van haar uittrede as direkteur van Naspers, 26 Augustus 2005. Kaapstad: NB-Uitgewers.

3. PUBLIKASIES

1955. *Veelheid en binding – ’n bydrae tot die ondersoek van die eenheidsprobleem in die literatuurwetenskap*. Amsterdam: N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij.

1958. Einde van ’n tradisie: Drie Nederlandse digbundels in Suid-Afrika, 1908 – 1911. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, bl.29 – 42, April.

1960. ’n Interpretasie van *Dr. Zhivago* by die dood van Boris Pasternak. *Standpunte*. 13(5): 58 – 61.

1960. Oordele in Oënskou I. J. van Melle: *Bart Nel* – die vraag na Fransina se goeie trou. *Standpunte*. 13(6): 18 – 23.
1960. Oordele in Oënskou II. Oor D.J. Opperman: *Periandros van Korinthe*. *Standpunte*. (14)1: 14 – 19.
1960. Oordele in Oënskou III. Oor Jane Austen: *Emma*. *Standpunte*. 14(2): 29 – 32.
1960. Mikro en J. van Melle. In: P.J. Nienaber (red.), *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
1961. *Twee opvoerings van N.T.O. L'École des Femmes* (Die Bruidskool) van Molière, en *The Prisoner* van Bridget Boland. *Standpunte*. 14(3): 66 – 67.
1961. Die digter se uitsprake oor sy poësie as hulpmiddel in die ondersoek van die poësie. In: *Die digter oor sy digproses*, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, bl.15.
1962. Oor Morele Waardes in 'n Roman. *Standpunte*. 15(2&3): 3 – 13.
- 1963 Oor vertalings. *Kriterium*, Oktober.
1965. Drama en Toneel: *Die Onwillige Weduwee*. Oor *Die Onwillige Weduwee* van Henriette Grové. *Standpunte*. 18(4): 62 – 65.
1965. *Afrikaanse essayiste*. Kaapstad: Human en Rousseau.
1965. *Suid-Afrikaanse skrywers van die sestigerjare*. SAUK-publikasie.
1966. N.P. van Wyk Louw: Pleitbesorger vir 'n Vernuwning in die Prosa. *Standpunte*. 19(5): 74 – 75.
1966. *Handleiding by die studie van die letterkunde* (in medewerking met A.P. Grové). Kaapstad: Nasou.
1967. Die Roman en die Gemeenskap. Oor die uitwerking of effek van die literêre kunswerk op sy leser. *Standpunte*. 20(6): 12 – 20.
1968. Aspekte van die Vormgewing in *Dood van 'n Maagd* deur Henriette Grové, (vergelyk *Jaarringe* van Henriette Grové). *Standpunte*. 21(6): 23 – 34.
1968. Oor boeke: *Die Groot Gryse*, Anna M. Louw. *Standpunte*. 22(2): 47 – 52.
1969. By die dood van Ina Boudier-Bakker. In: C.J.M. Nienaber (red.). *Dames 17*. Kaapstad: Human en Rousseau.
1969. Writer and critic in South Africa today. Oor die taak en verantwoordelikheid van skrywer en kritikus in Suid-Afrika. *Standpunte*. 22(5): 21 – 26.
1971. *Gids by my derde verseboek* (medewerker Joan Swiegers). Kaapstad: Nasou.
1971. Prosakroniek. Karel Schoeman: *Op 'n eiland*; Chris Barnard: *Mahala*; John Miles: *Liefs nie op straat nie*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 11(4): 325-331.
1972. *Gids by my vyfde verseboek* (medewerker Joan Swiegers). Kaapstad: Nasou.
1972. Prosakroniek. Henriette Grové: *Winterreis*; Elsa Joubert: *Bonga*; Berta Smit: *Die man met die kitaar*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 12(3): 170-184.
1973. Prosakroniek. M.E.R.: *My beskeie deel*; Etienne Leroux: *Na'va*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 13(2): 155-164.
1973. Prosakroniek. Dot Serfontein: *Systap onder die juk*; Ek is maar ene; Hennie Aucamp (red.): *Op die Stormberge*; André P. Brink: *Fado*; Jan Rabie: *'n Haan vir Eloúnda*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 13(4): 359-366.
1973. Gesprekke met M.E.R. en Henriette Grové. In: *Gesprekke met skrywers*. Kaapstad: Tafelberg.
1973. In gesprek met Graham Greene. *Tydskrif vir Letterkunde*. 11(3): 3 – 11.
1973. Ter nagedagtenis aan Hettie Smit. *Tydskrif vir Letterkunde*, November.
1974. Prosakroniek. Chris Barnard: *Chriskras*; Abel Coetzee: *Naatloos*; Aletta Lübke: *Een*

- dag langer*; Frieda Viljoen: *Lanfer en lemoenstroop*; Alba Bouwer en Hans Scheffler: *Liewe Lydia – Liewe Fritz*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 14(3): 210-214.
1974. Prosakroniek. André P. Brink: *Kennis van die aand*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 14(4): 301-306.
1975. Oor *Plaston*; in gesprek met P.G. du Plessis. *Tydskrif vir Letterkunde*. 13(1): 30 – 40.
1975. Prosakroniek. John Miles: *Okker bestel twee toebroodjies*; Eleanor Baker: *Wêreld sonder einde*; Jan Rabie: *Mens-alleen*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(2): 108-114.
1975. Suid-Afrika eerste. In: *Dekades in die Afrikaanse letterkunde*. SAUK-publikasie.
1975. *M.E.R. van naby gesien*. Kaapstad: Tafelberg.
1975. Die mens en die boek. In: *M.E.R. 100*. Kaapstad: Tafelberg.
1976. Prosakroniek. Hennie Aucamp, Sewentiger – *Hongerblom*, *Wolwedans*, *Die hartseerwals*; Hennie Aucamp en Margaret Bakkes: *'n Baksel in die more*; Hennie Aucamp (samesteller): *Bolder*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 16(1): 49-54.
1977. Audrey Blignault, *Nogtans sal ek jubel – 30 essays en vertellings saamgestel en ingelei deur Elize Botha*. Kaapstad: Tafelberg.
1977. Die “letterkundige waarde” van *Bybellande deurreis*. In: Merwe Scholtz (red.). *Die lewende Totius*. Kaapstad: Tafelberg.
1979. Die prosa van J.C Steyn in die literêr-historiese perspektief. *Tydskrif vir Letterkunde*. 17(2): 13 – 23.
1979. Prosakroniek. Verskyningsvorme van die realisme in die Sewentigerjare – Hennie Aucamp (samesteller): *Die sneeu van anderjare – 'n keuse uit die prosa van C.G.S. de Villiers*; M.E.R.: *Die gewers*; A.A.J. van Niekerk: *Optelgoed – diamantsmokkelstories uit die Noordweste*, *Bittergousblom*; D.M. Greeff: *Klip in die slingerpad*, *Die horing wat groei*; Theuns Kotze: *Latjieboud en die horingsmanooi*; Dot Serfontein: *Amper my mense*; Abraham H. de Vries: *Briekwa*; André P. Brink: *Die geskiedenis van Oom Kootjie Emmer van Witgatworteldraai*, *Die klap van die meul*; Vincent van der Westhuizen: *'n Draai by Koppieskool*; Suzanne van Rensburg: *Soet Anysberg*, *Breë weg, smalle weg*; Jan Spies: *Pilatus tot molshoop (Vertellings I)*; I.D. du Plessies: *Aantekeninge uit Tuynstraat – herinneringe en beskouings*, *Die Maboersa en ander Kaapse stories*; Alet Viljoen: *Gister se môre*; F.A. Venter: *Die middag voel na warm as*; M.I. Murray: *Witwater se mense*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 19(4): 310-315.
1979. *Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns* (in medewerking met N.J. Snyman). Reuse-Blokboek. Kaapstad: Human en Rousseau/Academia.
1979. Hennie Aucamp, *In een kraal – 'n keuse uit die prosa van Hennie Aucamp*, saamgestel en ingelei deur Elize Botha. Kaapstad: Tafelberg.
1980. Prosakroniek. Die rol van die verteller in die dokumentêre realisme – Elsa Joubert: *Die swerfjare van Poppie Nongena*; Leon Rousseau: *Die groot verlange*; Dot Serfontein: *Rang in der Staten rij*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 20(4): 301 – 307.
1980. Prosa. In: *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* (in samewerking met T.T. Cloete (red.), A.P. Grové, J.P. Smuts). Kaapstad: Nasou.
1980. *Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle*. Kaapstad: Tafelberg.
1980. Oor raaisels en rillings. In: Merwe Scholtz (red.). *Leipoldt 100*. Kaapstad: Tafelberg.
1981. Die ‘klein vaderland’ van Ernst van Heerden in prosa en poësie. In: *Hulsels van kristal*, bundel aangebied aan Ernst van Heerden by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaarsdag, 20 Maart 1981. Kaapstad: Tafelberg.
1981. Oor: W.A. de Klerk, Henriette Grové, Anna M. Louw, D.F. Malherbe, Mikro, M.E.R., Jochem van Bruggen, Jan van Melle, F.A. Venter, in *Vyftig Afrikaanse skrywers van die*

Eerste Taalbeweging tot die Sestigters. Johannesburg: Africana-Pers.

1981. Inleiding by *Jochem van Bruggen*, saamgestel deur Rothea Olivier. Roode-poort: C.U.M. –boeke.

1981. D.F. Malherbe en Jochem van Bruggen in 1981. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 21(4).

1982. Prosakroniek. Vormgewingsverskeidenheid in die opneem van die Suid-Afrikaanse gegewe – Karel Schoeman: *Die noorderlig, Afrika, Die hemeltuyn, Waar ek gelukkig was*; J.C. Steyn: *Op pad na die grens, Dagboek van 'n verraaier*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 22(1): 63-72.

1982. Die briefroman in Afrikaans, met spesiale verwysing na Etienne Leroux: 18-44. Referaat gelewer tydens die kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Algemene Literatuurwetenskap, 22 Januarie 1982, te Potchefstroom. (Opgeneem in S.A.V.A.L.-Kongresreferate II, 1983, bl. 144 – 136).

1982. Die brief is die storie. In: A.P. Grové (red.). *Beeld van waarheid* 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Etienne Leroux se sestigste verjaarsdag. Kaapstad: Human en Rousseau.

1982. *N.P. van Wyk Louw en die Afrikaanse prosa*. N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr. 12 gelewer op Maandag 4 Oktober 1982. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit A148, Johannesburg.

1983. Prosakroniek. Die Sestigters word sestig: Sestig word twintig – oor vroeër en nuwe werke van Jan Rabie, Etienne Leroux, André P. Brink, Henriette Grové, Elsa Joubert. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 23(1): 53-61.

1983. *Die dosent as leser*. Intreerede met die aanvaarding van die amp van hoogleraar in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika op 29 Maart 1983. Pretoria: Miscellanea 43, UNISA 1983.

1983. *Verskyningsvorme van die romantiek in die Afrikaanse prosa: D.F. Malherbe en daarna*. D.F. Malherbe-gedenklesing nr. 2, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

1983. Kritiek as hulpdaad – G.S. Nienaber: *Afrikaanse letterkundige kritiek* (1941). In: A.J.L. Sinclair (red.), *G.S. Nienaber – 'n huldeblyk. Studies opgedra aan prof.dr. G.S. Nienaber in sy tagtigste jaar*. Universiteit van Wes-Kaapland: Publikasie-komitee, bl. 37 – 41.

1984. Verslag van 'n debuut: T.T. Cloete se prosatekste 1983. In: Hein Viljoen, e.a. (red.), *In teen die groot vergeet* – 'n bundel opstelle opgedra aan T.T. Cloete by geleentheid van sy sestigste verjaarsdag op 31 Mei 1984. Potchefstroom: Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks A44, Geesteswetenskappe.

1984. *Die Afrikaanse letterkunde: 75 jaar*. Referaat gelewer by die jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Bloemfontein, 28 Junie 1984.

1984. Die *Tydskrif vir Letterkunde* en 'n toekomspektief vir die *Tydskrif* en die Skrywerskring. Referaat gelewer voor die Skrywerskongres ter viering van die 50e bestaansjaar van die Afrikaanse Skrywerskring, 8 September 1984.

1984. Die Afrikaanse letterkunde: 75 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(2&3): 124-136.

1984. Leemtes en prioriteite in Afrikaanse letterkundenavorsing. In: C. Malan (red.), *S.A. letterkundenavorsing*. SENSAL-publikasie nr. 11. Pretoria: RGN.

1984. Die boek is die boodskap: die verhouding outeursteeks-leser in *Onse Hymie* van Etienne Leroux. In: H.P. van Coller en G.J. van Jaarsveld (reds.), *Woorde as dade. Taalhandelinge en letterkunde*. Durban/Pretoria: Butterwoth.

1985. Fiksie en die openbare biblioteek. *S.A. Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde*.

- 53(1): 1 – 3.
1985. Prosakroniek. Oud en nuut in die Afrikaanse prosa. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 25(3): 223 – 232.
1985. Die kontensieuse letterkunde as voorskryfmateriaal vir die hoërskool. *Fasette*, 4(1): 5 – 11.
1986. *Gids by die literatuurstudie*, onder redaksie van T.T. Cloete, E. Botha en C. Malan. Pretoria: HAUM Literêr.
1986. *Etienne Leroux: Die eerste siklus* (Inleiding). Pretoria: HAUM Literêr.
1986. *Program en Problematiek – Handeling van die stigtingskongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging, 25 en 26 Oktober 1984* (red., met Henning Snyman). Durban: Butterworth.
1986. Eugène Marais – op soek na die wonder. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 26(3): 167-174.
1986. Werkswinkel oor aspekte van die literatuurgeskiedskrywing. *SAVAL-kongresreferate VI*. Pretoria, bl. 93-95.
1987. *Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns. Blokboek RB4*, (met N.J. Snyman). Pretoria/Kaapstad: Academica.
1987. Die hart is in die fees – ’n aspek van intertekstualiteit in die romans van Etienne Leroux. In: C. Malan en H.P. van Coller (reds.), *Vanweë die onbewuste: besprekings van Etienne Leroux se romans*. Pretoria: HAUM Literêr.
1987. Oor armoede in *Verspeelde lente*: ’n aantekening. *Tydskrif vir Letterkunde*, 25(3).
1987. *Prosakroniek*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
1988. Prosakroniek. Gedagtes oor Die Groot Afrikaanse Roman – *Laat vrugte, ’n Ander land, Toorberg*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 28(2): 210-218.
1988. ’n Herevaluering van benaderings tot geskied- en kroniekskrywing. In: R. Wiehahn en P.H. Roodt (reds.), *Teks en tendens*. Hillcrest: Owen Burgess-uitgewers.
1988. ... ’n skone spieël gekraak, gebreek...: oor Breyten Breytenbach se bespieëlende notas van ’n roman, *Mouir*, 1983. *Tydskrif vir literatuurwetenskap*, 4(4).
1988. Letterkunde, kennis en die universiteit. *Aambeeld 1*: 3-6.
1989. ’n Gesprek rondom Gods Woord, ca 1896. In: R. Gilfillan en A. de Vries (reds.), *Op die wyse van die taal*. Kaapstad: Vlaeberg-uitgewers.
1989. Die Afrikaanse letterkunde as deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. *Tydskrif vir Letterkunde*, 27(1): 12-17.
1989. Die Akademie en die Afrikaanse letterkunde. In: Van Coller, H, e.a. (reds.). *Voorpos: Huldigingspublikasie vir Jan Senekal*. Bloemfontein: Universiteit van die O.V.S.
1990. Prosakroniek. Die romans van Wilma Stockenström – ’n leesverslag. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30(3): 181-186.
1990. Moraliteit en die roman – Weereens na Welgevonden. *Tydskrif vir Letterkunde*, 28(4).
1990. Inleidend: Die ALV in konteks, c. 1988. In: C. Malan en G.A. Jooste (reds.), *Onder andere: Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste*. Pretoria: UNISA.
1990. The emergence of the Afrikaans novel at the end of the nineteenth century. In: R. Nethersole (red.). *Emerging literatures*. Bern: Peter Lang.
1991. Afrikaanse literatuur as Afrikaliteratuur. *Tydskrif vir Letterkunde*, 29(4).
1991. Oor voorgeskrewe boeke. *Klasgids*, 26(1).
1991. Literatore: Kuratore?. *Stilet*, 3(2).
1991. Getuigenissen. In: Guido R. van Ghelwe e.a., *Johan Flerackers – Herinneringen en gedachten*. Tiel: Uitgeverij Lannoo.

1992. Prosakroniek. Die Afrikaanse prosa: Poolshoogte 1992. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 32(4): 332 – 328.
1992. Oor 'n toekomstige talebestel. *Communicare. Tydskrif vir Kommunikasiewetenskappe*, 11(1): 79 – 82.
1992. Rekenskap. In: Beukes W.D. (red.) *Boekewêreld – die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Tafelberg, bl. 520 – 522.
1992. Uit 'n bloekom-omsoomde wêreld. In: Gouws, T. en Roodt, P.H. (reds.). *Granaat – 50 eietydse essays*. Kenwyn: Jutalit, bl. 21 – 26.
1992. Briefroman; kortverhaal. In: Cloete T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM Literêr, bl. 49-50; 236-237.
1993. Summary. In: Prinsloo, K, e.a. (reds.). *Language, law and equality*. Proceedings of the Third International Conference of the International Academy of Language Law (IALL) held in South Africa, April 1992. Pretoria: UNISA, bl. 335-338.
1993. Die kragtige werking van die w/Woord: By die bekendstelling van Bonaventure Hinwood OFM, *Psalms en lofgesange*, 21 September 1993. *Tydskrif vir Letterkunde*, 31(4): 96 – 98.
1993. “Die ou-ou storie, wat baie ver terug begin het....” – Gedagtes oor die literatuurstudie en menswetenskap. *Koers*, 58(4): 397 – 402.
1995. Prosakroniek. Die ou vrou en die dood – Vier romans met verwante tematiek, 1991-1993. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(3): 216-223.
1995. Van boeke tussen bloekoms – fragment van 'n lesersgeskiedenis. In: Nerina Bosman (red.), *'n Man van woorde – feesbundel vir Louis Eksteen*. Pretoria: J.L. van Schaik.
1995. Tussen (maatskaplike) verandering en (literêre) vernuwing – *Stories van Rivierplaas* in die Afrikaanse prosageskiedenis (bl. 77 – 88). In: Thomas van der Walt (samesteller), *Die blink uur van mooi dinge – 'n huldiging van Alba Bouwer*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
1995. Die boek Job as bron van intertekste vir ‘Wie weet?’ (*Die waarheid gelieg*, 1984). In: *Literator*, 16(3): 17 – 22.
1997. Die *Tydskrif vir Letterkunde* en die Vlaamse verbintenis. In: Dirk de Geest en Hendrik van Gorp (reds.), *Extra Muros, Langs de wegen – opstellen voor Marcel Jausseus*. Leuven: Universitaire Pers.
1997. Die rol van kuns en kultuur in samelewingsontwikkeling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 37(3): 153 – 163.
1998. Etienne Leroux (1922-1989). In: H.P. van Coller (red.), *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
1998. Op soek na die slag van Rooipoeierspruit (in medewerking met Johan Botha). In: J. Ferreira (red.), *Boereoorlogstories. 34 verhale oor die oorlog van 1988-1902*. Pretoria: J.L. Van Schaik, bl. 47 – 61.
1999. Jochem van Bruggen (1881-1957). In: H.P. van Coller (red.), *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
1999. Uit 'n bloekom-omsoomde wêreld: Repliek op Willemse et al. In: T. Du Plessis en A. Van Gensen (reds.), *Taal en Stryd. 1989-1999. Gedenkbundel*. Pretoria: J.L. van Schaik, bl. 94 – 100.
1999. Dit het die lewe my geleer. In: H. Cronje (samesteller), *Die genadegawe: om jou werk te kry*. Vereeniging: CUM, bl. 23 – 28.
2001. Prosakroniek. Nuwe skrywers, Nuwe lesers? – Grepe uit die verhaal van Suid-Afrikaanse uitgewerye en die Afrikaanse prosa in die negentigerjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(1): 73 – 80.

2002. 'n Brief vir Mimi. In: *Mimi, 'n feesbundel ter viering van Mimi Coertse se sewentigste verjaarsdag*, Johan van Rooyen (samesteller). Pretoria: Protea Boekhuis.
2002. "Die tweegesig-leser: 'n Persoonlike leesverslag van André P. Brink, *Donkerman*". *Stilet*, 14(2): 17 – 37.
2003. Vrouekarakters in enkele prosawerke van C.M. van den Heever. *Literator*, 24(1): 37 – 48.
2004. Die leser word 'n teks: uit die briefwisseling van Hennie Aucamp en Elize Botha. In: Lina Spies en Lucas Malan (reds.), *'n Skrywer by sonsopkoms. Hennie Aucamp 70*. Stellenbosch: Sun Press.
2004. Resensie. *Die Stilte na die boek: Kitsessays* deur Etienne van Heerden. *Tydskrif vir Letterkunde*, 41(2):. 218 – 220.
2005. *Dot die voorslagverteller*. Boeke-Beeld. 19 September 2005.
2005. *Die saampraat van herinnering*. PLUS (Bylae by *Beeld*). 14 Desember 2005.
2005. *Alba Bouwer. Baanbreker-skrywer en joernalis*. BY (Bylae by *Die Burger*).17 Desember 2005.
2006. Die Tagtigers en die 'Tydskif vir letterkunde' – was daar 'n Tagtigerbeweging? Elize Botha en P.H.Roodt. *Tydskrif vir Letterkunde* 43(1):57-67.
2007. Literatuur en moraliteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.47(2):117-120.